FOTOHOUER

Onlangs, terwyl ek sit en wag by Binnelandse Sake, trek iets my aandag: die amptenaar se outydse lêerstelsel, basies 'n yslike stuk hout met diep groewe wat alfabeties gemerk is. My kreatiewe kop het dadelik oortyd begin werk. Ek kon nie wag om by die huis te kom nie! In my gedagtes het ek alreeds al my afvalhout deurgekyk om die regte stuk plank te kry. Ek wou dadelik met die projek begin en het gedink om prikysters (die Engelse noem dit *pricking irons*) by te sit as ekstra foto-houers.

MOEILIKHEIDSGRAAD: baie maklik
(As jy kan saag, is die projek gedoen!)
TYD: 45 minute

JY BENODIG

- dik stuk plank
- saag met houtlem
- potlood, liniaal en maatband

1

Gebruik die maatband om die lengte van die plank te meet en verdeel dit in 2 cm-breë spasies.

2



Merk die 2 cm-gedeeltes wat gemeet is met 'n potlood.

3

Wanneer jy seker is jou mates is korrek, begin op die gemerkte lyne saag. Saag groewe wat omtrent 1 cm diep is in die hout.

4

Verwyder al die saagselstof met 'n droë lap. Jou nuwe fotohouer is gereed om ingespan te word.

Outhou-HOUT

Daar is baie maniere waarop jy jou foto's kan uitstal, maar Almie Louis, ons Grand Recycler, sal altyd 'n plan bedink met wat jy rééds het.



projek ALMIE LOUIS
stilering DALA WATTS **foto's** ED O'RILEY